



Oosies

NUUSBRIEF

2026
WERK EN OORWIN
Ons omgee-uitleefskool waar ons met passie potensiaal ontsluit

#trotseoosie #laatdieblougolfrol #hierbouonsjoutoekoms

27/2026

13 Augustus 2026

UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Geagte Ouers en Voogde

Ons wil graag 'n vriendelike, maar ernstige beroep op elke ouer doen. Ons skool kan slegs suksesvol wees wanneer ouers, personeel en leerders saamwerk en mekaar ondersteun. Ons het u nodig om ons visie van uitnemendheid 'n werklikheid te maak.

Ons leerders en personeel presteer op verskeie gebiede en vlakke uitstekend en hou ons skool se naam met trots hoog. Agter elke prestasie lê baie ure se harde werk, opoffering, deursettingsvermoë en toewyding. Ons is ongelooflik trots op ons kinders en dankbaar vir elke leerder wat ons skool met trots verteenwoordig.

Daarom moet ons versigtig wees dat negatiewe optrede of uitlatings nie ons leerders en personeel se harde werk en prestasies afbreek of hulle moed en trots negatief beïnvloed nie. Een negatiewe ervaring of mening mag nie toegelaat word om die talle positiewe dinge wat daagliks by ons skool gebeur, te oorskadu nie. Ons kinders en personeel verdien 'n gemeenskap wat hulle aanmoedig, ondersteun en saam met hulle trots is op wat hulle bereik.

Ons vra dat julle die besluite wat in die beste belang van die skool en ons leerders geneem word, sal respekteer en ondersteun. Indien iets julle pla of indien daar onsekerheid is, kom praat asseblief direk met ons. Deur die regte kommunikasiekanale te gebruik, kan bekommernisse vinniger en op 'n positiewe manier hanteer word.

Negatiewe kommentaar oor die skool, personeel of leerders op sosiale media kan baie skade aanrig. Moet asseblief nie gerugte, fopnuus of ongeverifieerde inligting versprei of aanstuur nie. Dink asseblief aan die moontlike invloed daarvan op ons kinders, personeel en die goeie naam van ons skool.

Ons is trots daarop om een van die Afrikaanse skole in die land te wees, daarom het ons ons ouers en gemeenskap nodig om saam met ons ons taal, waardes en skooltrots te beskerm en uit te bou.

Kom ons praat met mekaar, eerder as oor mekaar. Kom ons fokus op oplossings en op dit wat die beste vir ons kinders is. Laat ons die goeie raaksien, daarop voortbou en sorg dat die negatiewe nooit die positiewe oorskadu nie.

Baie dankie aan elke ouer wat ons skool ondersteun, positief betrokke is en help om die pad vir ons kinders gelyk te maak.

Ons leerders en personeel bereik ook deurlopend prestasies wat deur harde werk werklik gemaak word. Die Rasieleiers het tydens die *IFAA Trials and Semi-finals* 'n uitstekende gemiddeld van 87% behaal en dring deur na die Suid-Afrikaanse Kampioenskappe. Ons orkes het uitstekend by die Noorderkruin Kunstefees gevaar en die koor tree Saterdag by die Conwonnitê Koorfees op, terwyl ons jaarlikse kunsuitstalling op 14 Augustus plaasvind.

Ons eerste Kultuurweek belooft om 'n groot hoogtepunt te wees, met optredes deur die koor, All Stars, Rasieleiers, orkes, Idol-wenners en Tienertoneelgroep. Kom ondersteun ons talentvolle Oosies en beleef hulle besonderse talent!

Die o.16A- en eerste rugbyspanne speel op 15 Augustus in die Virseker Plaat-semifinale by Hoërskool Zwartkop en die eerstespan en o.14A hokkiespanne (dogters) neem deel aan die Grootsele Noordvaal B-kompetisie.

Tydens die landlooptliga by Tuks het JM Maritz 'n sesde plek in die o.19-afdeling behaal, terwyl Chanelle Groenewald negende geëindig het. Leandri Robinson en Alex Deysel het albei 'n 22ste plek behaal. Die landlooptliga word volgende week met die 2 km Dash by The Glen afgesluit. Ons personeel lewer hul eie sportprestasies. Me S Visser (personeellid en netbalorganiseerder) het die Tshwane Senior Dames B-netbalspan tydens die 2026 SPAR Nasionale Netbalkampioenskappe by Hoërskool Stellenberg verteenwoordig. Me C Jordan en L van Dyk is aangewys as keurders vir die Sagtebalproewe 2026.

Sterkte aan al ons sport- en kultuurleerders wat in hul onderskeie aktiwiteite deelneem. Doen julle bes en dra die Oosies se naam met trots!

Akademie bly ons prioriteit en ons wens ons matrikulante sterkte toe met die Rekordeksamen wat volgende week begin. Werk hard, bly gefokus en doen julle bes. Ons glo in julle!

Die Matriekraad vir 2026/2027 word vandag aangekondig. Hou ons mediaplatforms dop vir die bekendmaking.

Baie geluk en dankie aan elke leerder en personeellid wat ons skool met trots verteenwoordig. Julle harde werk gaan nie ongesiens verby nie. Oosies, ons is trots op julle!

Saam maak ons as leerders, ouers, personeel en die gemeenskap 'n verskil en kan ons 'n omgewing skep waarin die skool kan groei, floreer en uitnemend presteer.

Vriendelike groete

Me S Theron

HOOF

ALGEMEEN

Belangrike datums en kontakbesonderhede

14 Aug.	• Boekkarakterdag • Kunsuitstalling
18-20 Aug.	Kultuurweek
20 Aug.	Gr.12 Rekordeksamen begin
21 Aug.	Donkey Derby (Hokkie/Sagtebal/Krieket)
26-28 Aug.	Gr.10 Veldskool
28-30 Aug.	2026/2027 Matriekraadkamp
4 Sept.	• Lentedag (gewone klere) • Gr8's 2027 aanlyn registrasie sluit
5 Sept.	Netbal Legendsdag
16 Sept.	FOTODAG 3
23 Sept.	Skool sluit
26 Sept.	Moot Film-bekendstelling (by Oos-Moot)

Gr8's 2027: Aanlyn registrasies

Die aanlyn registrasies vir 2027 sluit:

Datum : 4 September 2026

Besoek die skool se [webwerf](https://www.oos-moot.co.za) (<https://www.oos-moot.co.za>) vir die volledige inligting.

Stap 1 : Registreer aanlyn op die GDO se aanlynplatform.

Stap 2 : Registreer u kind elektronies by H/S Oos-Moot.

Gr10 Veldskool

Ons herinner graad 10 ouers en leerders aan die graad 10-Veldskool.

Datum : 26 tot 28 Augustus
Plek : Kwaggasrus (Brits)
Vertrektyd : 08:00, per bus

Volledige inligting t.o.v. wat leerders moet pak is vervat in die Veldskool skrywe wat op die webwerf <https://www.oos-moot.co.za> onder Wie is ons/Aflaibare dokumente beskikbaar is.

AKADEMIE

Belangrik: Vanaf **21 Julie tot 19 September** sal daar ook **elke Woensdag**, per vak, verpligte akademiese uur wees.

Toets en Eksamenhulp

Gereelde oefening met vorige vraestelle is 'n uitstekende manier om kennis te hersien, vaardighede te ontwikkel en vir toetse en eksamens voor te berei. Leerders kan vorige vraestelle aflaai, selfstandig deurwerk en daarna hul antwoorde met die memorandums nagaan.

Nuttige skakels en wenke vir ekstra oefening:

<https://www.oos-moot.co.za/toets-en-eksamenroosters/>

- Testpapers (Gr.8 tot 12): verskillende vakke
- Departement van Basiese Onderwys: – Vorige eksamenvraestelle

- Siyavula: – Wiskunde Graad 8 tot 12 met onmiddellike terugvoer en volledige oplossings.

Boekkarakterdag – 14 Augustus

Oosies ons vier Taaldag op 'n besondere manier. Trek aan volgens 'n boekkarakter uit 'n Afrikaanse of Engelse boek.

Datum : 14 Augustus

Daar is geen koste verbonde nie. Leerders moet asseblief skaflik aantrek en steeds aan die skool se voorkomsvereistes voldoen.

Gr9 Vakkeuses vir 2027

Die graad 9-leerders se vakkeuses vir 2027 sluit op:

Datum : 21 Augustus

Die vakkeuses word by:

<https://forms.gle/PoFbaE9KHQpsVuy56> gedoen.

Skryf. Inspireer. Publiseer

'n Oproep aan alle jong Oosie-skrywers!

Hou jy daarvan om gedigte of opstelle te skryf?

Me T Jordaan nooi alle talentvolle skrywers uit om hul oorspronklike gedigte en opstelle vir moontlike publikasie in die skooltydskrif in te stuur.

Sluitingsdatum : 30 Augustus
E-pos na : jordaant@oos-moot.co.za

SPORT

Uitnodiging: Kreatiegebruik onder tieners – veilige gebruik en slim riglyne

Ons nooi graag die skoolgemeenskap uit na 'n GRATIS, bewysgebaseerde Microsoft Teams-sessie oor kreatiegebruik onder tieners.

Wat bespreek sal word: Die voordele en risiko's van kreatie, asook wanneer die gebruik daarvan moontlik gepas kan wees vir tieners se sportprestasie en breingesondheid. Kliniese kundiges sal hierdie onderwerpe verduidelik.

Datum : 19 Augustus 2026
Tyd : 18:00
Platform : Microsoft Teams

Sprekers:

Dr. Marnus Milne — Dosent in Farmaseutiese Chemie en Farmaseutika aan die Universiteit van Wes-Kaapland (MSc Farmaseutiese Chemie, PhD Farmaseutika).

Dr. Cailin van Staden — Dosent in Farmakologie en Kliniese Farmasie aan die Universiteit van Wes-Kaapland (BPharm, MSc Farmakologie, PhD Farmakologie).

Registreer hier <https://forms.gle/2r6e6LnmwALfsb7b8>

Sluit op die aand by die sessie aan:

Microsoft Teams-skakel:

<https://teams.live.com/join/9326858971181?p=0bqZ5036B0T9uouCd5>

BERGFIETSRY

Ons fietsryers neem op 15 Augustus by Prime view aan die 3de wedren van 5 in die skolereeks deel. Sterkte!

HOKKIE: OOSIE JUNIORS

Alle laerskoolseuns en -dogters wat belangstel om hokkie te speel, word uitgenooi om by ons **Oosie-Junior Hokkie** (by Hoërskool Oos-Moot) in te skryf.

Oefeninge vir die Oosie-Juniors sal op die volgende tyd en datums plaasvind:

Tyd	:	16:00 tot 17:00
Datums	:	14 Augustus – sal bevestig 21 Augustus 28 Augustus

Oosie Junior WhatsApp:

<https://chat.whatsapp.com/Cov0LhCWJ2dKx1shIRiPR>
L

ROLBAL

Bepalings (nuut)

Datum	Plek	Spanne
14 Augustus	Colbyn	OM1 vs Waterkloof 1
15 Augustus	Villieria	OM1 vs Montana 1
30 Augustus	Wingate	OM1 vs Sonitas 1

RUGBY

Virseker Plaat semi-finale

Datum	:	15 Augustus
Plek	:	H/S Zwartkop

Die program is beskikbaar op die OM Sport Kommunikasiekanaal.

KULTUUR

JAARLIKSE KUNSUITSTALLING

Kom bewonder die kreatiwiteit en talent van ons Oosie-kunstenaars tydens ons jaarlikse Kunsuitstalling.

Datum	:	14 Augustus
Tyd	:	18:00 tot 20:30
Plek	:	Skoolsaal

Die uitstalling is 'n deurstapgeleentheid.

Toegang:

Gratis vir Hoërskool Oos Moot-leerders in skooldrag
R10 per leerder
R30 per volwassene

Ligte versnaperinge is by die toegang ingesluit.

Volg die skakel om kaartjies te koop. **Skakel:**

<https://store.sticitt.co.za/oosiesdieblourak>

Ons sien uit daarna om u daar te verwelkom en saam ons leerders se besondere talent te vier.

KULTUURWEEK

Ons is besonder opgewonde oor 'n nuwe inisiatief wat vanjaar die lig sien, naamlik ons Kultuurweek in Augustus aangebied word.

Program – 18 Augustus

Vertoning	:	Tienertoneel
Tyd	:	14:30 vir 15:00
Plek	:	Skoolsaal
Koste	:	R50 per persoon

Program – 19 Augustus

Vertoning	:	Koor, All Stars, Rasieleiers, Orkes en Idols wenners
Tyd	:	17:30 vir 18:00
Plek	:	Skoolsaal
Koste	:	R100 per persoon

Kaartjieverkope

Kaartjies nou reeds by

<https://store.sticitt.co.za/oosiesdieblourak>.

Bewys van betaling dien as toegang.

TIENERTONEEL

Na groot afwagting sien ons uit na verskeie optredes van ons Tienertoneelgroep:

Datum	Plek	Tyd
17 Aug.	ATKV (UNISA Kleintheater)	12:00
18 Aug.	Op die Planke (Kultuurweek)	14:30
20 Aug.	Pronk Podium (H/S Wilgers)	16:30

KOOR

Ons koor begin hul optredes vir die jaar:

Datum	Geleentheid
15 Augustus	Conwonnitë Koorfees
18/19 Augustus	Oos-Moot Kultuurweek
27 Augustus	Noordekruin Kunstefees
2 September	Afrikaanse Kunsvereniging

BUITEPRESTASIES

(Prestasies buite skoolverband)

Sosiale Media plasinge

Neem asseblief kennis dat geen buiteprestasies op die skool se sosialemediaplatforms gepubliseer sal word nie.

Die skool se mediaplatforms word spesifiek gebruik om erkenning te gee aan prestasies wat leerders behaal in sportsoorte en aktiwiteite wat amptelik deur die skool aangebied en georganiseer word. Hierdie platforms dien as 'n vertoonvenster vir ons skool se eie sportprogramme, spanne en deelnemers, en die prestasies wat onder die skool se naam behaal word.

Ons is steeds trots op leerders wat aan buitesport deelneem en daar presteer. Hierdie prestasies kan deur middel van die beskikbare Google-vorm ingedien word vir maontlike erkenning deur die loop van die jaar (in ooreenstemming met die skool se vasgestelde kriteria en beleid).

Dankie vir u geborg en samewerking.

Erkenning van sport- en kultuurprestasies

Buiteprestasies wat vir maontlike erkenning oorweeg kan word, word aangemeld by die onderskeie skakels hieronder. Erkenning sal deur die loop van die jaar gegee word.

Vir die onderskeie buiteprestasies klik op die spesifieke skakel.



SPORT

<https://forms.gle/FZeBTdsxmBPfT7Xp8>



KULTUUR

<https://forms.gle/Xwi9KdgBdTYZL8ARA>

Let asseblief op die volgende:

- Die indiening van 'n prestasie waarborg nie erkenning of 'n toekenning nie. Alle inskrywings word volgens die skool se vasgestelde kriteria en beleid beoordeel.
- Die vorm dien slegs as 'n amptelike rekord vir maontlike erkenning.
- Dit is die verantwoordelikheid van die leerder en ouer om alle inligting volledig, korrek en betyds in te dien.
- Enige vereiste bewys van die prestasie moet op versoek beskikbaar gestel word.

PROJEKTE

PVM PRODUKTE

PVM-produkte nou by Oos-Moot beskikbaar!

Bestellings

- Voltooi die [bestelvorm](#).
- Stuur die voltooide vorm en navrae per e-pos na: pieterses@oos-moot.co.za

Aflewering

- Aflewering vind plaas in die week ná die sluitingsdatum van elke bestelling.
- U sal 'n e-pos ontvang met die dag en tyd waarop u, u bestelling by die skool kan kom afhaal.

PASTEIE

Bestel die heerlikste pasteie. Om te bestel en te betaal volg asseblief die skakel:

<https://store.sticitt.co.za/oosiesdieblourak>

NUUSBRIEFADVERTENSIES

Adverteer in ons skool se nuusbrieff. Koste en volledige inligting by die [skakel](#) beskikbaar.

Waverley

Wiskunde & Wetenskap



Sentrum

Vakke wat by die Wiskundesentrum aangebied word.

- Wiskunde graad 1 tot 12, asook Wiskundige Geletterdheid en Tegniese Wiskunde.
- Rekeningkunde graad 8 tot 12.
- Afrikaans graad 1 tot 12. Engels graad 1 tot 12.
- Wetenskap graad 10 tot 12 sowel as Tegniese Wetenskap
- Career Direct: Aanlegtoetse, vakkeuse, beroepskeuse en beroepsleiding

Aanvullende onderrig + Beroeps

- & Vakkeuse toetsing

Marina Stander - 083 259 8913

ONTSPANNE ATMOSFEER | KORT DIENSTE | GESKIK VIR DIE HELE GESIN



RBKerk

“Ek voel asof ek regtig behoort.”

“Ek is ver van perfek, maar ek voel nooit veroordeel nie.”

“Ek was senuweeagtig om te kom, maar dit was maklik om te verstaan en almal was baie verwelkomend”

“Ons kinders het dit regtig geniet en wou weer kom.”

“Selfs my man het daarvan gehou!”

staying
Falling in
Love

Bybelse Raad vir jou Huwelik

REEKS BEGIN
23 AUGUSTUS
SONDAE 10h00

GEEN KERKERVARING
BENODIG NIE

RBKerk, 620 15de laan,
Rietfontein, Pretoria

rbkerk.co.za

071 55 66 879 - Heleine